## BOEKRESENSIE

**Schreuder, A.M.G., & Theron, A.L. 1997.**
***Careers. An organizational perspective.* Cape Town, Juta.**

Hierdie publikasie is bedoel vir 'n wye lesersmark vir wie doeltreffende loopbaanbeplanning en ontwikkeling van kardinale belang is. Dit voorsien in 'n wesenlike behoefte aan 'n geskikte voorgraadse handboek in loopbaanbestuur in Bedryfsielkundedepartemente by Suid-Afrikaanse universiteite, maar dit kan ook met vrug gebruik word in die Sielkunde, menslike hulpbrondepartemente van organisasies, asook individue in verskillende ontwikkelingsfases wat belangrike loopbaanbesluite moet neem. Die boek is geskryf teen die agtergrond van veranderinge wat tans binne organisasies en die geledere van die arbeidsmark plaasvind en wat in loopbaanbeplanning en -ontwikkeling verreken behoort te word. Minder werksekuriteit, minder werkgeleenthede, verandering t.o.v. organisatoriese strukture en die aard van werk, asook kontrakte tussen organisasies en werknemers is almal faktore wat 'n impak op individuele loopbaanbesluite en loopbaanbestuur binne organisasies het.

Die inhoud bestryk 'n breë spektrum toepaslike temas, naamlik die betekenis van werk; belangrike loopbaankonsepte en 'n oorkoepelende loopbaanbestuursmodel; beroepskeuseteorieë; lewens- en loopbaanstadia; teorieë aangaande die keuse van organisasies; veranderinge binne organisasies en die implikasies wat dit vir loopbane en loopbaanbesluite inhou; organisasie-ondersteuningstegnieke en toepaslike loopbaanaangeleenthede soos loopbaanankers, loopbaanpatrone, dubbelloopbaangesinne, loopbaanplato's en werksverlies. Hierdie temas is baie toepaslik en behoort almal verreken te word met die oog op loopbaanbeplanning en -ontwikkeling.

Klem word deurgaans gelê op die belangrike passing tussen die behoeftes van die werknemer en die werkgewer tydens die onderskeie loopbaanfases en watter aksies elkeen van hierdie partye moet loods om optimale harmonie te bewerkstellig. 'n Benadering wat dwarsdeur die boek gevolg word en wat uit die loopbaanbestuursmodel voortspruit is dat loopbaanbeplanning en ontwikkeling 'n voortdurende proses is, dat die individu self verantwoordelikheid vir sy loopbaan en loopbaanbesluite moet aanvaar en dat die organisasie hierin 'n ondersteunende rol behoort te vervul. Ingeligte loopbaanbesluite kan egter nie geneem word indien die individu nie behoorlik ingelig is ten opsigte van die faktore wat verreken behoort te word nie.

Die boek is baie verbruikersvriendelik vanweë die duidelike doelwitte aan die begin van elke hoofstuk, die taalgebruik, bladuitleg en verhelderende figure, tabelle en diagramme.

Die mees resente data is bygewerk en die boek is voorsien van 'n omvangryke bronnelys wat vir die student en dosent in die Loopbaansielkunde van groot waarde sal wees. Die onderwerpindeks agter in die boek is ook baie nuttig vir vinnige naslaanwerk.

Moontlike kritiek kan gelewer word t.o.v. watter temas meer of minder belig behoort te word in terme van volumedekking, maar in die geheel gesien het die boek in sy doel geslaag, naamlik om die faktore wat verreken behoort te word by loopbaanbesluite kortliks aan te toon. Horisontale dekking van die toepaslike temas is gedoen en dit staan individue en instansies vry om t.o.v. die temas van hulle keuse verdere vertikale spitwerk te doen. Die boek is 'n welkome toevoeging tot die corpus van kennis in die Loopbaansielkunde.

*Geresenseer deur Prof C.L. Bester, UOVS, Dept. Bedryfsielkunde.*